# Jaaroorsig 2023 — Buro van die WAT

## T in kanne en kruike

Die WAT het in 2023 sy doelwitte met groot sukses verwesenlik. Werk aan die letter T is teen Oktober voltooi en die finale weergawe is op 13 Oktober tydens 'n triomfantlike T-partytjie bekendgestel. By dié geleentheid is ook afskeid geneem van Frikkie Lombard ná 'n luisterryke loopbaan van 42 jaar by die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

Werk aan die letter U het fluks gevorder en die manuskrip is reeds in eerste bewerking voltooi terwyl die helfte daarvan ook reeds nagesien is. Mede-redakteurs wat nie aan U nasien nie, het reeds aan die omvattende letter V begin werk waarmee die WAT vir minstens drie jaar besig sal wees.



*Verskeie WAT-redaksielede wat leksikografie onder Rufus Gouws studeer het, was by die funksie. Van links: Gerda de Wet, Willem Botha, André du Plessis, Dané Claassen, Rufus Gouws, Alet Cloete, Frikkie Lombard en Phillip Louw.* *Kyk hier na nog foto's en video's.*


WAT

Woordeboek van die Afrikaanse Taal

## Afrikaanse variëteite

Gerda Odendaal het reeds in 2020 begin werk aan woorde van A tot Z wat hul oorsprong in Kaapse Afrikaans het. Die projek is voltooi tot en met U en die materiaalversameling vir die letters V tot Z is gereed.

Die WAT werk saam met die ATR aan 'n projek om Afrikaanse variëteite se gebruik in skoolverband te bevorder. Hierbenewens beoog die ProVARIA-projek om 'n variasie-portaal aanlyn te skep, waartoe die WAT sal bydra as beskrywers van die leksikale items vir elke variëteit.



*Dylan Hess en Perlin Manewil saam met die hoofredakteur en uitvoerende direkteur, Phillip Louw, en eindredakteur, Frikkie Lombard.*

Twee jong aspirantleksikograwe uit spraakgemeen-skappe van voorheen benadeelde variëteite van Afrikaans het in Junie by die WAT aangesluit vir jaarlange internskappe. Dylan Hess en Perlin Manewil het reeds hul basiese opleiding voltooi en het in November begin om onder toesig manuskrip te maak.

## Opleiding en lesings



*Studente van die US Departement Afrikaans en Nederlands besoek die Buro van die WAT.*

Werkswinkels, opleidingsessies en lesings is by verskeie geleenthede aangebied, onder andere aan onderwysstudente van die KSUT-kampus op Wellington. Tweedejaarstudente van die US Departement Afrikaans en Nederlands het ook die WAT besoek vir lesings oor woordeboektipologie en 'n vergelyking van die *WAT* en die *OED*. Die span betrokke het bestaan uit Alet Cloete, Phillip Louw, Gerda Odendaal, Esmaré van der Merwe en Gerhard van Wyk.

## Lexikos

*Lexikos* is 'n internasionaal geakkrediteerde vak-tydskrif wat jaarliks deur die WAT uitgegee word. Daar kan in vyf tale in *Lexikos* gepubliseer word, nl. Afrikaans, Duits, Engels, Frans en Nederlands. André du Plessis, 'n mederedakteur van die WAT, tree as redakteur van *Lexikos 33* op.

# Kom ons doen dit vir Afrikaans!

## Bevordering van Afrikaans

Die WAT speel ook steeds 'n breër rol in die bevordering van Afrikaans en die leksikografie.

Die WAT word o.a. verteenwoordig in die Taalkommissie, NTLA-bestuur, Afrilex-bestuur en ProVARIA-bestuur. Die elf nasionale woordeboekeenhede is verteenwoordig in die LexiEditors' Forum waar gemeenskaplike probleme twee keer per jaar bespreek word.




'n WAT Woord van die Week verskyn weekliks in hoofstroom- en plaaslike koerante regoor Suid-Afrika. Afrikaans.com en die WAT het hieruit 'n reeks plakkate vir Afrikaansklasse vrygestel.


Een maal 'n maand beantwoord Alet Cloete en Gerda Odendaal luisteraars se taalnavrae in *Taaldinge* op RSG op 'n Sondagoggend.

Die wenner van die jaarlikse Nuutskeppingskompetisie, in samewerking met RSG en die ATKV, was *braaikoebaai*, 'n eg Suid-Afrikaanse manier van afskeid neem van mense wat trek of emigreer.

Die WAT was ook 'n vennoot in die Afrikaanse Wikipedia se eerste skryfkompetisie vir hoërskole.

## Borg 'n Woord

Die Borg 'n Woord-projek het in 2023 voortgegaan om Afrikaanssprekendes bewus te maak van die waarde van woorde. Die rymkletser, musikant, akteur en televisiepersoonlikheid Frazer Barry is op Internasionale Woordeboekdag aangewys as die beskermheer van die Borg 'n Woord-projek vir 2023 – 2024. Die Borg 'n Woord-projek bied 'n bykomende inkomstestroom vir die Buro van die WAT en byna R4 miljoen is reeds hierdeur geïn. As jy jou gunstelingwoord wil borg of koop, gaan na www.wat.co.za en klik op Borg 'n Woord. Deelnemers kan R25 000 wen in 'n prystrekking geborg deur Sanlam.



"Afrikaans bars deur my long! Dit dans op my tong! Slaan lettergrepe in my mond voordat dit land op jou oordrom. Hoe lekker is dit nie om die taal te praat en te hoor nie! Alhoewel dit belangrik is om die taal te praat, is dit net so belangrik om die taal te ontwikkel en te dokumenteer. Jy kan ook betrokke raak deur een van jou gunstelingwoorde te borg of te koop."
— Frazer Barry

*Beide die WAT en die WAT Trust het belastingvrystelling kragtens Artikel 18A. Inligting oor donasies is te kry by www.wat.co.za, 021 887 3113 of wat@sun.ac.za.*

## Dankie

Die WAT Direksie en die WAT Trust se ondersteuning speel 'n deurslaggewende rol in die sukses van die WAT as maatskappy. Die lede van die WAT Direksie is: prof. H.C. Klopper (voors.), prof. R.H. Gouws (o.voors.), dr. P.A. Louw (uitvoerende direkteur), prof. W.A.M. Carstens, prof. F.S. Hendricks, mnr. H.A.J. Lombard, prof. M. Pienaar en prof. R.A. Stevens. Die trustees van die WAT Trust is: mnr. J.A. Holtzhausen (voors.), mnr. P. Aucamp, mnr. R.P. Gouws, mnr. A. Jacobs, dr. P.A. Louw, me. B. Mathews, mnr. D.G. Meyer, me. A. Pienaar-Vosloo en prof. A. Schoonwinkel.

## Donateurs

Ons donateurs maak dit vir ons moontlik om 'n kreatiewe en produktiewe maatskappy te wees. 'n Besondere woord van dank aan ons Anker-donateurs: ABSA, Afrikanerbond, ATKV, † H.C.L. Aucamp, † J. Coetsee, Dagbreek Trust, G.T. Ferreira, Fonds Neerlandistiek, Fynbos Trust, Hermann Giliomee, Gouwsgesin, D.W.R. Hertzog, E. de la H. Hertzog, Grande Roche Hotel, Het Jan Marais Nationale Fonds, D.M. Hoogenhout, Jannie Mouton Stigting, L.W. Hiemstra Trust, Dr. Marie Luttig Trust, Meakergesin, Laetitia Morkel, National Lotteries Board, Nederlandse Taalunie, N. Steyn Trust, Piet Olivier, Potchefstroomkampus van die Noordwes Universiteit, Price Waterhouse Coopers, Remgro Beperk en Venfin Beperk, Reunert Beperk, Rupert Gesinstigtings, Sanlam, Sappi Beperk, Sasol, Sdu Nederland, Stonehage Charitable Trust, Trust vir Afrikaanse Onderwys, Universiteit Stellenbosch, Universiteit van Pretoria, Universiteit van die Vrystaat, Wenakker (Edms.) Bpk.